15/6
62/88

LL

Saak No 179/1987

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

Insake die appèl van:

TOM MASEKO — Appellant

teen

DIE STAAT — Respondent

CORAM: HEFER, VIVIER ARR et VILJOEN WND AR

VERHOORDATUM: 24 MEI 1988

LEWERINGSDATUM: 27 MEI 1988

---

UITSPRAAK

---

/HEFER AR ...

HEFER AR:

Die appellant is in 'n streekhof skuldig bevind aan openbare geweld en veroordeel tot vyf jaar gevangenisstraf. Sy appèl teen die skuldigbevinding en vonnis na die hof a quo het misluk. Met verlof van daardie hof kom hy nou in hoër beroep teen die vonnis.

Die voorval waaruit die veroordeling gespruit het, het op 5 November 1984 in Tsakane, 'n swart woongebied aan die Oos-Rand, plaasgevind te midde van wyd verspreide onluste wat op daardie stadium daar en in dergelike gebiede elders in die land ondervind is en gepaard gegaan het met ernstige geweld wat grootskaalse skade aan eiendom en die verlies van menselewens tot gevolg gehad het. Dit is bekend dat openbare vervoermiddels 'n geliefkoosde skyf van klipgooiers en brandstigters in die swart gebiede was met die gevolg dat vervoerdienste ernstig ontwrig en in baie gevalle tot totale stilstand gedwing is.

Die betrokke oggend is passasiersbusse van die

/munisipaliteit ...

munisipaliteit beskerm deur gewapende personeel wat elke bus in afsonderlike voertuie op sy roete agtervolg het. Dit was die dag van 'n sg "wegbly-aksie" d w s inwoners van die gebied is vooraf aangemoedig om daardie dag nie te gaan werk nie. Appellant was een van dié wat nie gaan werk het nie. Teen ongeveer 7.30 die oggend het hy en sowat 20 ander op 'n straathoek saamgedrom en 'n verbygaande bus met klippe bestook. Appellant het die eerste klip gegooi. Toe die beskermingsvoertuig egter op hulle afpyl, het die groep uitmekaar gespat. Appellant is kort daarna gearresteer deur 'n amptenaar van die Administrasieraad wat in die voertuig was.

In sy uitspraak oor vonnis het die verhoor-landdros die volgende opgemerk:

> "Dit is ook aan die Hof voorgehou, en dit is korrek, dat daar net getuienis is van een klip wat jy gegooi het. Daar is nie getuienis van enige noemenswaardige skade wat daardeur veroorsaak is aan die betrokke voertuig nie .....
>
> Dit is so, soos reeds genoem dat beskuldigde

/volgens ...

volgens die getuienis slegs een klip gegooi het. Hy was egter deel van 'n groep wat saam gedrom het en was hy die eerste of een van die eerstes wat wel daardie klip gegooi het. Sy handelinge was deel van 'n groephandeling wat nie net daardie dag nie, maar toe reeds oor 'n tydperk en wel op daardie dag op groot skaal in Tsakane Swart woongebied plaasgevind het en die Hof moet sy optrede sien, nie net in die lig van sy enkele klip-gooi daar nie, maar in die lig van die totale optrede waarby hy gemoeid was en waarvan hy deel uitgemaak het, saam met talle andere."

Elders in die uitspraak is opgemerk:

"Die Hof kan egter nie slegs kyk na die enkel klip wat gegooi is in isolasie nie, want dit is deel of was deel van 'n optrede waarby beskuldigde sowel as talle ander die betrokke dag betrokke was. Dit was vir die gemeenskap die betrokke dag onmoontlik gemaak om op die gewone wyse vervoer te bekom en so hulle daaglikse roetine handelinge te kon uitvoer. Hulle kon nie met busse of ander vervoermiddels uit die Swart woongebied uitkom sonder dat daar polisiebeskerming vir daardie voertuie was nie. Polisiebeskerming om daardie mense te beskerm teen mense wat opgetree het soos jy. Jou optrede was deel van 'n totale strategie wat daardie dag deur talle mense gevolg was om 'n algehele ontwrigting te veroorsaak. Dit het op 'n tydstip gebeur toe daar reeds geweldige skade as gevolg van hierdie

/oproere ...

oproere in die Swart woongebied gepleeg was en talle probleme vir die owerhede reeds daaruit voortgevloei het."

Wat die appellant se persoonlike omstandighede betref, verskyn die volgende in die uitspraak:

"Beskuldigde jy is tans 23 jaar oud. Ten tye van die pleging van die misdaad was jy 21 jaar. Dit is aan die Hof voorgehou dat jy in 1981 gematrikuleer het en dat jy daarna toe jy weens finansiële probleme nie jou studies kon voortsit nie, jy gewerk het as 'n klerk. Jy is ongetroud, maar is die vader van 'n tweejarige seun vir wie se onderhoud jy verantwoordelik is. En jy help ook met die onderhoud van jou ouers.

Dit is aan die Hof voorgehou dat jy 'n intelligente persoon is en die Hof moet dit so aanvaar. Maar juis in daardie geval sou die Hof verwag het dat jy verstandiger opgetree het as om deel te neem aan die gewelddadige oproer wat op die betrokke dag in Brakpan Swart woongebied geheers het. .....

Beskuldigde is weliswaar nie 'n skolier op hierdie stadium nie. Hy is ook nie 'n jongeling nie, hy is redelik jonk, maar met sy opvoeding en agtergrond moet die Hof aanvaar dat hy beter behoort te geweet het as jonger kinders wat maklik opgesweep raak. .....

Die Hof neem jou persoonlike omstandighede in aanmerking, maar dit is nie sodanig dat dit noemenswaardig versagtend kan inwerk nie en

/word ...

> word jy in die omstandighede gevonnis tot <u>VYF JAAR GEVANGENISSTRAF</u>."

In hierdie hof is namens die appellant aangevoer dat die verhoorlanddros in verskeie opsigte misgetas het. Aangesien ek van mening is dat daar in elk geval met die vonnis ingemeng moet word, is ek egter nie van voorneme om die beuselagtige gronde vir hierdie betoog te bespreek nie. Ek volstaan deur te sê dat daar niks in die betoog steek nie.

Te oordeel aan die opgelegde straf het die landdros die oortreding in 'n ernstige lig beskou. In die uitspraak oor vonnis het hy verwys na die ongerapporteerde beslissing in <u>S v Madimabe</u> (CA 110/78 (T)) waarin <u>Margo</u> R opgemerk het dat

> "..... acts of public violence call for a severe deterrent sentence in general. It is the duty of the courts to assist in the maintenance of law and order and while it may be unfortunate for individuals to suffer the consequences of those sentences, the requirements of public policy are such that they will have to suffer for their misdeeds

in this particular category."

Sonder om te kenne te gee dat alle gevalle van openbare geweld ewe swaar gestraf moet word, stem ek volmondig saam met hierdie sienswyse. Die misdaad is inderdaad van so 'n aard dat die openbare belang streng optrede van die howe verg.

Ek is dit ook met die landdros eens dat die appellant se optrede nie in isolasie beskou moet word vir doeleindes van strafoplegging nie maar teen die agtergrond van die omstandighede wat destyds geheers het. Die enkele klip wat die appellant gegooi het, was een van duisende wat destyds na busse wat werkers vervoer, geslinger is. Die gebeure van die dag het 'n bekende patroon gevolg. Eers word die inwoners van 'n gebied gemaan deur diegene wie se belange blykbaar daardeur bevorder word, om van hulle werk weg te bly en dan word diegene wat die vermaning ignoreer, gewelddadig geïntimideer deur dit vir hulle gevaarlik of selfs onmoontlik te maak om die openbare

/vervoerdienste ...

vervoerdienste te gebruik waarvan die meerderheid van hulle afhanklik is. Die landdros se beskrywing van die appellant se optrede as deel van 'n totale strategie gemik op algehele ontwrigting is nie onvanpas nie. So gesien, verkry sy optrede 'n veel ernstiger dimensie as wat by die eerste blik mag blyk.

Die feit dat die misdaad gepleeg is gedurende 'n tydperk van wyd verspreide onluste wat gelei het tot 'n toestand van bykans onbeheerbare geweldpleging in die swart woongebiede, en die bloedige en skadelike gevolge daarvan, kan natuurlik ook nie buite rekening gelaat word nie. En so ook nie die feit dat die optrede van die appellant en sy trawante op sigself ernstige gevolge kon gehad het nie. Dat die bestuurder van die bewegende bus of van sy passasiers blykbaar nie raakgegooi is nie, is bloot toevallig.

Hoewel dit derhalwe vanselfsprekend is dat 'n stewige vonnis in hierdie geval nie onvanpas is nie, meen

/ek ...

ek nogtans dat die vyf jaar gevangenisstraf wat opgelê is, buitensporig swaar is. Ek is bewus daarvan dat dieselfde vonnis in ander gevalle van openbare geweld opgelê en deur sommige provinsiale afdelings bekragtig is. In ander gevalle is egter veel ligter vonnisse opgelê. Elke geval is klaarblyklik op eie meriete behandel en, juis omdat dit die geval is, is dit nie lonend om na ander gevalle te verwys om in die vonnisse wat daarin opgelê is 'n maatstaf vir die onderhawige geval te probeer vind nie.

By die oorweging van 'n gepaste vonnis vir 'n geval soos die onderhawige is daar een aspek waarop besondere aandag gevestig moet word. Dit blyk uit 'n bespreking van vonnisse in die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafregpleging (1988 Vol 1 op 173) waar verwys word na enkele gerapporteerde beslissings oor die vonnisse van jeugdiges wat hulle gedurende die onluste skuldig gemaak het aan openbare geweld en waar opgemerk is dat

"... it must be asked whether such sentences

> do not often reflect an over-reaction by the courts to public violence, with general deterrence being over-emphasised in the interests of the state while insufficient or no weight is given to considerations such as the degree of the offender's participation and his personal circumstances."

Hierdie opmerking behoort as tydige waarskuwing aan die howe te dien om die delikate balans tussen die belange van die gemeenskap, enersyds, en die belange van die beskuldigde, andersyds, nie uit die oog te verloor by vonnisoplegging nie. By hierdie soort oortreding kom die belange van die gemeenskap natuurlik sterk na vore en, waar die howe mede-verantwoordelik is vir die handhawing van die goeie orde in belang van die gemeenskap, bestaan daar 'n sterk moontlikheid dat die belange van die beskuldigde, bewustelik of andersins, tot ongeregverdigde mate op die agtergrond geskuif mag word. Diegene wat gemoeid is met die regspleging behoort steeds bewus te wees van hierdie moontlikheid en voortdurend daarteen te waak.

In die omstandighede van hierdie saak meen ek

/dat ...

dat dit gepas is om die appellant effektief vir $2^1/_2$ jaar na die gevangenis te stuur en om hom by wyse van 'n opgeskorte vonnis daarna van dergelike optrede in die toekoms te probeer weerhou.

Die appèl slaag dus tot die mate dat die opgelegde vonnis gewysig word deur $2^1/_2$ jaar daarvan vir 5 jaar op te skort op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan openbare geweld gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

J.J.F. HEFER AR

VIVIER AR

STEM SAAM

VILJOEN WND AR